SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association
Bewaring deur volhoubare benutting / Conservation through sustainable utilisation

Plot 3, Mountain Drive 7 / Plot 3, 7 Mountain Drive, Derdepoort Tel: (012) 808-9300
Privaatsak / Private Bag X 9, Pretoria Noord/North, 0116
E-pos / E-mail: admin@sahunt.co.za Web: www.sahunters.co.za
PBO 930009213 VAT: 4910127861
Geakkrediteer deur SAPD as Jagtersvereniging: Nr 400001; Sportskietorganisasie: Nr 1300091; Beroepsjagvereniging: Nr 1300124
Accredited by SAPS as Hunting association: No 400001; Sport shooting organisation: No 1300091; Professional hunting association: No 1300124

B AANSOEK VIR 'N VUURWAPENLISENSIE

B4 AANSOEKPROSEDURE VIR DIE HERNUWING VAN 'N VUURWAPENLISENSIE

Voltooi die hernuwingsaansoekvorm en handig dit in by die aangewese vuurwapenbeampte (*DFO*) by die polisiestasie in die wyk waar jy woon.

- Voltooi die **SAPS 518(a)** aansoekvorm vir die hernuwing van u vuurwapenlisensie.
- Voltooi slegs een SAPS 518(a) vorm al hernu jy meer as een vuurwapen.
- Laai die **SAPS 518(a)** hier af.
- Voltooi die **Aanhangsel A** (*Annexure A*) vir **elke** vuurwapenlisensie wat jy wil hernu en heg dit aan die **SAPS 518 (a)** aansoekvorm.

Laai ***Annexure A*** hier af.

Heg die volgende dokumente aan die hernuwingsaansoek vir jou vuurwapenlisensie:

- 2 gewaarmerkte afskrifte van jou identiteitsdokument
- Afskrif van lisensie wat jy wil hernu
- Afskrif van jou bevoegdheidsertifikaat, of kaartjie (voor- en agterkant)
- Afskrif van jou vaardigheidsopleidingsertifikaat (Dis nie 'n vereis nie, maar sommige *DFOs* vra daarvoor)
- Bewys van jou woonadres
- Drie duidelike volkleurfoto's van die kluis waarin jy die vuurwapens gaan stoor:
  a. Een vollengte foto van die buitekant van die kluis (deur toe);
  b. Een foto van die binnekant van die kluis (deur oop); en
  c. 'n Naby foto van die boute om te wys hoe die kluis vasgebout is
- 2 volkleur paspoortfoto's
- SAJWV ondersteunende dokumente

Dit is nie nodig om weer 'n volledige motivering in te handig nie.

Voltooi slegs Paragraaf 6 (MOTIVATION THAT I DID COMPLY…) waar jy verklaar dat jy steeds die vuurwapen gebruik vir die doel waarvoor die vuurwapen oorspronklik gemotiveer is en waarvoor die lisensie uitgereik is met 'n kort verduideliking.

Die volgende SA Jagters ondersteunende dokumente is beskikbaar op jou persoonlike profiel op die aanlyn lede-administrasiestelsel.

- Afskrif van jou aktiewe SAJWV-lidmaatskapsertifikaat
- Lede met toegewyde status:
    - Toegewyde jagtersertifikaat en *Letter of Good Standing*
    - Toegewyde sportskutsertifikaat en *Letter of Good Standing*

      (versoek van nasionale kantoor)
- Endossement oor die geskiktheid van die vuurwapen (versoek van nasionale kantoor) Laai versoek vir endossement hier af.
- ‘n Afskrif van die verslag van jou jag- en sportskietaktiwiteite (beskikbaar op aanlyn lede-administrasiestelsel)
- R84-00 kontant per aansoek

Jou *DFO* mag moontlik bykomende dokumentasie aanvra bv. bewyse waar die wapen gebruik is, jagfoto’s of uitnodigings van boere.

Die lisensie bly geldig mits die hernuwingsaansoek ten minste 90 dae voor die vervaldatum ingedien is.

Bewaar jou kwitansie.

Maak ‘n afskrif van jou aansoek indien jou dokumente sou wegraak.